Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Hater van Jode...!!?? Regtig!!??

Ek het onlangs die volgende op my Facebook blad gepubliseer:

> *One who romanticizes over Judaism and loses focus of the kingdom of Heaven can be compared to a carpenter who is infatuated with the hammer, rather than the house it was meant to build – Troy Mitchell*
>
> *The reality of Yahshua's Hebraic life is not so romantic as many today imagine it to be. If Christ is the measure of a true "Hebraic life," or even Abraham, then I am confident that there are few among the Messianic and Hebrew Roots movement who would desire the real imitation. Sprinkling – Joseph Herrin.*

Hierop het ek ondermeer die volgende kommentaar ontvang:

> *"Gaan terug kerk toe waar hulle jode haat en hulle as broers verag en probeer vervang!"*

Die persoon wat hierdie kommentaar gelewer het, beskryf homself as 'n *Messianic Minister* by 'n bekende Messiaanse bediening in Gauteng.

Dieselfde persoon het my ook al openlik in e-posse as 'n "*Jode hater en veragter van Torah"* beskuldig. 'n Ander geestelike leier in die Messiaanse Beweging, en wat deel is van die leierskap van 'n plaaslik bekende Messiaanse Groep wat bande het met Rabbynse Judaïsme in Israel, het my van antisemitisme en lastering teen die huis van Juda beskuldig!

Hierdie tipe van beskuldigings – wat eerder as beledigings beskou kan word – het ek al dikwels uit die geledere van die Messiaanse Beweging ontvang.

Die rede vir dit? Omdat ek waarsku teen die gevare en die misleiding van Rabbynse Judaïsme. Hierdie beskuldgings het veral toegeneem na aanleiding van my artikel: "Wie is Jou Rabbi?" Hierdie artikel kan afgelaai word by Okt15Leermeester en is ook in Engels beskikbaar by Jan16WhoIsYourRabbi. Ek wil almal aanmoedig om dit te lees!

Maar laat ons eers besin oor wat is Rabbynse Judaïsme!

Oorsprong van Rabbynse Judaïsme

Ons weet dat hedendaagse Rabbynse Judaïsme die voortsetting van Fariseïsme is wat in die tyd van Yeshua en die Apostels bestaan het! Hierdie feit word ondermeer in die "Universal Jewish Encyclopaedia (1943)" bevestig deur die volgende:

> *The Jewish religion as it is today traces its descent, without a break, through all the centuries, from the Pharisees. Their leading ideas and methods found expression in a literature of enormous extent, of which a very great deal is still in existence. The Talmud is the largest and most important single piece of that literature … and the study of it is essential for any real understanding of Pharisaism.*

Die "Jewish Encyclopaedia" van 1905 stel dit soos volg:

> *With the destruction of the Temple (70 A.D.) the Sadducees disappeared altogether, leaving the regulation of all Jewish affairs in the hands of the Pharisees. Henceforth, Jewish life was regulated by the Pharisees; the whole history of Judaism was reconstructed from the Pharisaic point of view, and a new aspect was given to the Sanhedrin of the past. A new chain of tradition supplanted the older priestly tradition (Abot 1:1). Pharisaism shaped the character of Judaism and the life and thought of the Jew for all the future.*

Op die webblad van Judaism 101 (http://www.jewfaq.org/search.shtml?Keywords=Pharisees) word die volgende inligting ten opsigte van die Fariseërs gegee:

> *A movement of Judaism that began approximately 2200 years ago. It is the forerunner of rabbinic Judaism, which encompasses all of the movements of Judaism in existence today.*

Bogenoemde bronne bevestig dus dat hedendaagse Rabbynse Judaïsme die voortsetting is van Fariseïsme soos dit in die dae van Yeshua en die apostels bestaan het!

Ons weet ook dat volgens die Skrifte van die nuwe verbond is dit baie duidelik dat Yeshua die Fariseërs aangekla en veroordeel het. Yeshua se uitlatings was kras en Hy het nie die gevoelens van die Fariseërs gespaar nie! Hierdie feit word ondermeer bevestig deur die volgende woorde van ons Meester Yeshua:

Kinders van adders, hoe is dit moontlik dat julle voordelige dinge kan praat terwyl julle waardeloos is? Want uit die volheid van die verstand, wil en emosie praat die mond. Matt. 12:34.

13 *maar wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, wat die huise van die weduwees verteer deur 'n offer van lang herhaling van woorde in julle gebede; as gevolg hiervan sal julle 'n groter oordeel ontvang.* **14** *Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle maak die Koninkryk van die hemel toe voor die mense; omrede julle self nie ingaan nie, laat julle nie toe dat hulle wat wil, ingaan nie.* **15** *Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle loop rond oor see en land om een bekeerling te maak en as hy dit geword het, maak julle hom 'n kind van die hel, twee maal erger as julleself.* Matt. 23:13 tot 15.

Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle is net soos wit gekalkte grafte wat van buite af mooi lyk, maar van binne vol dooies se bene en alle korrupsie is. Matt. 23:27.

Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle bou die grafte van die profete en versier die grafstene van die onskuldiges. Matt. 23:29.

Slange, kinders van adders, hoe sal julle ontsnap van die oordeel van die hel? Matt. 23:33.

42*Yeshua sê vir hulle: "As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af uitgegaan, want Ek het ook nie uit My eie plesier gekom nie, maar Hy het My gestuur.* **43***Waarom verstaan julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle nie My boodskap kan hoor nie.* **44***Julle is van júlle vader, die teëstander en julle begeer om julle vader se wil te doen. Hy is 'n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy lieg, praat hy uit wat syne is, want hy is vanuit valsheid en die vader daarvan,* **45***maar julle vertrou nie in My nie, Ek, wat die waarheid praat.* **46***Wie van julle kan My oortuig van sonde? As Ek die waarheid praat, waarom vertrou julle My nie?* **47***Wie ook al van God is, luister na die woorde van God; daarom luister julle nie omdat julle nie van God is nie."* Joh. 8:42 tot 47.

In die lig van Yeshua se uitsprake oor die Fariseërs is dit te verstane waarom ons Meester gewaarsku het teen die leerstellings van die Fariseërs:

Daarop sê Yeshua vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs. Matt. 16:6.

*Hoe is dit dat julle nie begryp dat Ek nie in verband met brood vir julle gesê het om op te pas vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs nie? Toe het hulle begryp dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van die brood nie, **maar vir die leer van die Fariseërs en Sadduseërs***. Matt. 16:11 en 12.

In die lig van bogenoemde moet ons die vraag vra: Wat sal Yeshua dus vandag van Rabbynse Judaïsme sê? Wat het verander sedert die dae van die Fariseërs? Het Rabbynse Judaïsme se siening oor Yeshua en oor die volgelinge van Yeshua verander sedert die dae van Yeshua, en sedert die dae van die Apostels en die gemeente van Handelinge? Nee, want soos die Fariseërs Yeshua as Die Gesalfde Een van YHVH verwerp het, net so verwerp Rabbynse Judaïsme steeds vir Yeshua.

Ons kan dus met sekerheid aanvaar dat Yeshua ook vandag aan ons sou sê: *Pasop vir die suurdeeg – die leerstellings – van Rabbynse Judaïsme*!

Indien ons dan Yeshua se woorde ter harte neem, is die vraag: Behoort ons dan nie ook te waarsku teen die gevare van die misleiding wat in Rabbynse Judaïsme verskuil is nie? Is sulke waarskuwings antisemitisme en lastering teen die huis van Juda, en om YHVH se Torah te verag? Die antwoord is 'n besliste "nee"! Maar diegene wat Yeshua se waarskuwing minag, en deur Rabbynse Judaïsme bekoor word, gebruik graag valse beskuldigings om hulle eie geestelik blindheid te regverdig!

As getroue volgelinge van Yeshua moet ons Sy siening van, en Sy waarskuwing teen die Fariseërs en dus teen Rabbynse Judaïsme, ter harte neem! Beteken dit dat die Jode, en Torah-gehoorsame Jode wat Yeshua verwerp, gehaat word? **Nee**, want Yeshua het nie die Fariseërs gehaat nie, maar het hulle leerstellings en die gees wat in hulle harte geheers het veroordeel!

In die verband is dit noodsaaklik om die volgende baie belangrike waarheid te onthou: Ons Hebreeuse wortels begin **nie** by Rabbynse Judaïsme nie, maar wel by Abraham, Isak en Jakob!! Rabbynse Judaïsme openbaar nie dieselfde Gees as wat in ons aartsvaders van die vertroue in YHVH was nie! Daarom het Yeshua vir die Fariseërs gesê:

44*Julle is van júlle vader, die teëstander en julle begeer om julle vader se wil te doen. Hy is 'n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy lieg, praat hy uit wat syne is, want hy is vanuit valsheid en die vader daarvan,* **45***maar julle vertrou nie in My nie, Ek, wat die waarheid praat.* Joh. 8:44 en 45.

Daarom moet ons nie die geloofswandel van Abraham, Isak, Jakob en die profete van die ou verbond verwar met Fariseïsme en Rabbynse Judaïsme nie!

Watter Gees!

Gelowiges wat Yeshua as Die Gesalfde Een bely, en deur YHVH se onverdiende guns deel is van die nuwe verbond, word deesdae toegegooi met ons sogenaamde Joodse-Christen-Erfenis, beter bekend as ons Hebreeuse wortels, asook vir die beywering van broederskap en eenwording van die huis van Juda en die huis van Efraim. Dit is veral die Messiaanse Beweging, wat hulle Christenwortels verruil het vir hulle Hebreeuse wortels, wat gretig is om by Rabbynse Judaïsme te leer, en dan dikwels so bekoor word dat hulle verblind word vir die gevare en die misleiding wat Rabbynse Judaïsme inhou!

Waarom word die misleiding wat deel van die Christendom is wyd verkondig, maar daar word geswyg oor die misleiding wat ook deel is van Rabbynse Judaïsme? My ondervinding is dat dit weens 'n gebrek aan kennis is!

Die vraag wat elkeen behoort te vra is: Wat is die gees wat Rabbynse Judaïsme dryf? Anders gestel: Wat is die onderliggende gees wat in die Talmud en die Zohar en in Kabbalah openbaar word? Is dit die Afgesonderde Gees of is dit die gees van die vals gesalfde (die antimessias)? Het jy jouself al hierdie vraag gevra in die lig van wat in die Skrifte van die nuwe verbond geskryf is?

Die Apostoliese Skrifte gee vir ons 'n baie duidelike antwoord!!

22*Wie is die leuenaar anders, as hy wat ontken dat Yeshua Die Gesalfde Een is? Dit is die vals gesalfdes: hy wat die Vader ontken, ontken ook die Seun.* **23***Elkeen wat die Seun ontken, vertrou ook nie in die Vader nie. Wie ook al die Seun bely, bely ook die Vader.* 1 Joh. 2:22 en 23.

2*Hieraan word die Gees van God geken: elke gees wat erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het, is vanuit God* **3***en elke gees wat nie erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie, is nie vanuit God nie, maar dit is die gees van die vals gesalfde, waarvan julle gehoor het dat hy kom en van nou af in die wêreld is.* 1 Joh. 4:2 en 3.

want baie misleiers het uitgegaan in die wêreld in: die een wat nie bely dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie; hy is 'n misleier en teëstander teen Die Gesalfde Een. 2 Joh. 1:7.

Rabbynse Judaïsme ontken dat Yeshua die Seun van God is, Die Gesalfde Een wat die Weg, die Waarheid en die Lewe is. Hierdie gees heers ook in die Talmud, die Zohar en veral in Kabbalah. Hiervolgens is dit duidelik dat die gees wat Rabbynse Judaïsme dryf en die onderliggende gees waarmee die Talmud en die Zohar geskryf is, en wat in die leerstellings en praktyk van Kabbalah heers, is die gees van die vals gesalfde, naamlik die antimessias!

Dit is nie ek wat so sê nie, maar YHVH self deur Sy Woord! Rabbynse Judaïsme is die teëstanders van Yeshua en hulle eie Talmud, die Zohar en veral in Kabbalah bevestig dit by

herhaling – ondersoek dit self en sien hoe lasterlik is die Talmud byvoorbeeld teenoor YHVH se Gesalfde, die Seun van God!!

Indien die Skrifte van die nuwe verbond geglo word, dan moet elkeen saamstem dat die onderliggende gees wat deur Rabbynse Judaïsme openbaar word, die van die vals messias is! En sou gelowiges wat bely dat Yeshua die Lam van God is hiermee saamstem, dan is dit onverstaanbaar dat daar voortgegaan word om die misleiding van Rabbynse Judaïsme te bevorder! Om nie die misleiding van Rabbynse Judaïsme raak te sien nie, is om nie Yeshua se woorde en om nie die Skrifte van die nuwe verbond as die waarheid te glo nie!

Diegene wat Rabbynse Judaïsme bevorder, en selfs verkondig dat ons by die voete van die Rabbis moet sit om YHVH se Torah te leer, moet hulself die vraag vra of hulle medewerkers aan die Koninkryk van YHVH is en of hulle nie dalk vyande van Yeshua is nie?!

Opsommend: Diegene wat Yeshua verwerp, het die gees van die antimessias en nie die Afgesonderde Gees nie! Rabbynse Judaïsme het dus nie die Gees van Waarheid nie, en daarom bevat die Talmud, die Zohar en Kabbalah ook nie die woorde van die Gees van Waarheid nie!! Dit mag soos waarheid lyk, en ja daar is ook stukkies waarheid in, maar dit is onderliggend menslike wysheid met die hulp van vreemde geeste om die siel te bevredig! Maar onthou: Yeshua het gesê dat ons die Afgesonderde Gees nodig het om die waarheid te ken.

Hy is die Gees van die Waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie omdat dit Hom nie gesien het of Hom geken het nie, maar julle ken Hom omdat Hy by julle bly en in julle is. Joh. 14:17.

maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het, sal Hy julle in die hele waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy sê en die toekoms aan julle openbaar. Joh. 16:13.

Maar terug by ons aanvanklike vraag, naamlik: Wat is die gees wat deur Rabbynse Judaïsme openbaar word? Soos reeds deur die Skrifte van die nuwe verbond bevestig is, is dit die gees van die vals gesalfde (die antimessias). Hierdie gees gaan gepaard met lastering teen Yeshua, en ‘n verwaande siening dat ‘n Jood verhewe is bo enige ander mens en volk, asook die verheffing van die Talmud as meer gesaghebbend as die Torah.

In sy boek “*Attractive Deception: The False Hope Of The Hebrew Roots Movement*”, brei Joseph Herrin hierop uit en skryf ondermeer die volgende (Bladsye 14 en 15):

> It strikes me as significant that the Talmud would come to have the word “Babylonian” attached to it. The word Babel, from which the name Babylon is derived, means “confusion.” Truly, no better description could be given to this body of man-made traditions than “confusion,” for it leads people away from the truth of God’s word.
>
> It is important to understand the tremendous veneration the Jewish people have given to these manmade traditions over the centuries. For nearly a millennia prior to Christ, and up to 200 A.D., the Oral Torah was accorded great honor. When it was codified as the Mishna two centuries after Christ, and expanded through the addition of the Gemara in following centuries, it was regarded by Orthodox Jews as being more valuable then the Tanakh (Old Testament).
>
> Nesta Webster, in her book “*Secret Societies and Subversive Movements”*, writes:

The Talmud itself accords to the Bible only a secondary place. Thus the Talmudic treatise Soferim says: 'The Bible is like water, the Mischna is like wine, and the Gemarah is like spiced wine.'"

Reverend I. B. Pranaitis adds to this testimony.

An important point to note is that [the Talmud] *has always been regarded by the Jews as holy. They have always held it, and still hold it, as more important than the Sacred Scriptures. The Talmud itself shows this very clearly:*

In the tract Babha Metsia, fol. 33a, we read:

"Those who devote themselves to reading the Bible exercise a certain virtue, but not very much; those who study the Mischnah exercise virtue for which they will receive a reward; those, however, who take upon themselves to study the Gemarah exercise the highest virtue..."

The following is a well-known and highly praised opinion in the writings of the Rabbis:

"My son, give heed to the words of the scribes rather than to the words of the law."

The reason for this is found in the tract Sanhedrin X, 3, f.88b:

"He who transgresses the words of the scribes sins more gravely than the transgressors of the words of the law."

Also when there are differences of opinion between the Law and the doctors, both must be taken as the words of the Lord God.

In the tract Erubhin, f.13b, where it is related that there was a difference of opinion between the two schools of Hillel and Schamai, it is concluded that: "The words of both are the words of the living God."

In the book Mizbeach, cap. V, we find the following opinion:

"There is nothing superior to the Holy Talmud."

[*The Talmud Unmasked* (1892)]

Men and women who are partakers of the Holy Spirit should perceive the abject evil of the words above. To state that those who study the words of man (the Mishna and Gemara) are acting more virtuously than those who study the divine words of Yahweh, is blasphemy. To instruct children to give greater heed to obeying the Scribes than to obeying the Law of Yahweh is folly and rebellion.

To place the Talmud above the holy Scriptures is idolatry. Is it any wonder that Yahshua renounced the actions of the Pharisees, and the experts of the Law with such vehemence? Pretending to understand God's Laws, and instructing others on how it should be observed, they stole the truth from God's people.

(Einde van aanhaling).

Die boek van Joseph Herrin word aanbeveel vir verdere selfstudie en kan gratis afgelaai word by: *http://www.heart4god.False HopeHebrewRootsMovement.pdf*

Paulus ons voorbeeld

Diegene wat so bekoor is deur Rabbynse Judaïsme moet nie Paulus se getuienis vergeet nie. Lees dit weer aandagtig!

2*Wees versigtig vir honde; wees versigtig vir werkers van boosheid; wees versigtig vir die vleeslike besnyers,* **3***want óns is die besnydenis, die van ons wat God in die Gees dien en roem in Yeshua, Die Gesalfde Een en ons vertrou nie op die vlees nie;* **4***alhoewel ek ook rede het om te vertrou op die vleeslike. As iemand anders dink dat hy op die vleeslike kan vertrou, ek nog meer:* **5***besny op die agtste dag, vanuit die familie van Yisra'el, vanuit die stam van Binyamin; 'n Hebreër, seun van 'n Hebreër; in die geskrewe wet 'n Fariseër;* **6***In ywer, 'n vervolger van die gemeente; volgens die onpartydige opregtheid wat in die wet vereis word, onberispelik,* **7***maar hiérdie, wat vir my voordele was, beskou ek as verliese, as gevolg van Die Gesalfde Een.* **8***Ek beskou ook al hierdie dinge as verlies ter wille van die verhewe kennis van Yeshua, Die Gesalfde Een, my Meester, ter wille van wie ek alles verloor het en as gemors beskou het, om Die Gesalfde Een as wins te verkry* **9***en dat ek in eenheid met Hom gevind sal word, nie met my onpartydige opregtheid wat uit die geskrewe wet is nie, maar dié wat deur die vertroue van Die Gesalfde Een is, die onpartydige opregtheid wat uit God is* **10***sodat ek Yeshua en die wonderwerkende krag van Sy opstanding daardeur kan ken en kan deel aan Sy lyding en gelykvormig gemaak kan word aan Sy dood* **11***sodat ek miskien in staat sal wees om die opstanding uit die dood te kan behaal.* Fil. 3:2 tot 11.

Paulus het alle rede gehad om te roem op sy "Hebreeuse wortels" en as Fariseër te roem op sy ywer en oorvloedige kennis van Torah en die tradisies van die voorvaders! Maar luister wat sê hy: *hiérdie, wat vir my voordele was, beskou ek as verliese, as gevolg van Die Gesalfde Een.*

Het jy gehoor wat is Paulus se siening van sy Fariseërs erfenis – van sy Hebreeuse wortels? Dit wat hy aanvanklik as voordele beskou het, beskou hy na sy ontmoeting met Yeshua, en na die openbaring van die Karakter en Outoriteit van Yeshua, as verliese! Hy gaan verder en skryf: *Ek beskou ook al hierdie dinge as verlies ter wille van die verhewe kennis van Yeshua, Die Gesalfde Een, my Meester, ter wille van wie ek alles verloor het en as gemors beskou het, om Die Gesalfde Een as wins te verkry*!!

In die lig van Paulus se getuienis is my vraag: Waaroor word daar so ophef gemaak oor Rabbynse Judaïsme? My ondervinding is dat daar talle in die Messiaanse Beweging is wat hulle Hebreeuse wortels, soos wat dit deur Rabbynse Judaïsme opgedis word, as voordelig bo die verhewe kennis van Yeshua, Die Gesalfde Een, stel! Baie het hulle Hebreeuse wortels liewer as hul Messias! Waarskynlik sal hierdie stelling van my ontken word!

Maar let op hoeveel inligting word uit die bronne van Rabbynse Judaïsme versprei in vergeleke met inligting wat werklik fokus op die verkryging van die verhewe kennis van Yeshua, of fokus op YHVH se onverdiende guns soos dit in die nuwe verbond aan ons openbaar word.

Ek ontken geensins die noodsaaklikheid dat ons elkeen goed onderrig moet wees in die Torah – die eerste vyf boeke van Moses – nie!! Nee, ek het 'n probleem met wie die meerderheid as hul leermeester kies! Ek het 'n probleem dat gelowiges wat meer wil leer oor hule Hebreeuse wortels nie ook gewaarsku word nie teen die misleiding wat ook deel van Rabbynse Judaïsme is! Dit is die gevaar, soos bewys word deur die hoeveelheid gelowiges in die Messiaanse Beweging wat uiteindelik Judaïseer!

Dan ook die volgende vraag: Hoekom is daar uit die geledere van die Messiaanse Beweging feitlik geen lering oor die vyfvoud bediening en oor die gawes van die Afgesonderde Gees? Die rede is omdat die Skrifte van die nuwe verbond verwaarloos word en selfs bevraagteken word!

Dit is ‘n hartseer feit dat baie gelowiges in die Messiaanse Beweging hulle eerste liefde verloor het, soos wat gebeur het met die gemeente in Efese!!

> **4***Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.* **5***Onthou van waaruit jy gekom het en doen die dade van vroeër, anders kom Ek teen jou en Ek sal jou kandelaar wegvat as jy nie wegdraai van jou sonde na God toe nie.* Open. 2:4.

Adam Clarke’s Commentary on the Bible verduidelik dit soos volg: *Consider the state of grace in which you once stood; the happiness, love, and joy which you felt when ye received remission of sins; the zeal ye had for God’s glory and the salvation of mankind; your willing, obedient spirit, your cheerful self-denial, your fervour in private prayer, your detachment from the world, and your heavenly-mindedness. Remember - consider all these.*

Dit is dringend noodsaaklik om terug te keer na ons eerste liefde, naamlik Yeshua en YHVH se genade voorsiening van die nuwe verbond!!

Die volgende artikel van Eitan Bar in die verband word aanbeveel: “The RISK of Loving Your Heritage More Than You Love the Messiah”. https://www.oneforisrael.org/bible-based-teaching-from-israel/messianic-perspective/risk-loving-heritage-love-messiah/

Die Jode-haters In Ons Midde!

Daar bestaan ‘n siening by sommige in die Christendom, soos ondermeer by John Haggee, maar veral in die Messiaanse Beweging, dat Torah-gehoorsame Jode wel gered is en dus nie nodig het om in Yeshua te vertrou as die Weg na die Waarheid wat die Ewige Lewe gee nie. Hierdie is ‘n misleiding deur diegene wat nie die Skrifte van die nuwe verbond glo nie! Die Skrifte van die nuwe verbond is baie duidelik dat redding alleenlik deur vertroue in Yeshua as Die Gesalfde van God is en nie deur werke van Torah-gehoorsaamheid nie!

Om te glo dat Ortodokse Jode gered word, is gelykstaande aan Jode-haat en om skuldig te wees aan die “spiritual holocaust” van die huis van Juda! Dit is om by die voete van die Rabbies te sit en by hulle te leer, maar om te weier om te getuig dat Yeshua hulle enigste hoop tot versoening met YHVH-God is. Dit is geestelike antisemitisme!

En hierdie Jode-haters is in ons midde en die liefde van YHVH vir hulle broers van die huis van Juda is nie in hulle harte nie! Dit is hulle wat ook blind is vir die gevare van die misleiding wat in Rabbynse Judaïsme verskuil is!

Daarom verwoord Joseph Herrin ook my siening ten opsigte van ons broers van die huis van Juda:

> *The salvation of the Jewish people will result in untold spiritual wealth for the world. We should earnestly desire the peace of Jerusalem, understanding that peace will be their portion only when the Prince of Peace rules in the hearts of the Jewish people. As disciples of Christ we should seek the salvation of all men, especially the Jew. Christ commanded His disciples to preach the gospel “In Jerusalem and Judea and Samaria and unto the uttermost parts of the earth.” This is the order. Salvation came to the Jews first, for Christ was born of Jewish kin. He chose 12 Jewish men to be His disciples and*

> *to lay the foundation for His church. The virgin church was born in Jerusalem. The Gentile believers should never view the Jewish people with scorn, or contempt, yet neither should they adopt a false romantic image of the Jews as a holy people.*

Die Jode, en die wat sê hulle is Jode – ortodoks en sekulêr – het almal Yeshua nodig! Die volgende artikel deur Etien Bar, "The risk of loving the Jewish people more than you love the Jewish Messiah" is baie insiggewend, veral omrede hy 'n Messiaanse Jood is wat in Israel gebore is en daar woon en werk: https://www.oneforisrael.org/bible-based-teaching-from-israel/the-risk-of-loving-the-jewish-people-more-than-you-love-the-jewish-messiah/

Hierin skryf hy ondermeer die volgende:

> *So, dear Christians, as an Israeli Jewish follower of Jesus, my challenge for you today is not to love us Jews into hell, but to live up to the biblical mandate of provoking us to jealousy in Yeshua (Romans 11:11). Trust me, I myself am living evidence that it worked 16 years ago, and it's still working with many other Jews.*

Ten slotte.

Ek wil afsluit met die volgende uit Joseph Herrin se boek: "Attractive Deception – The False Hope of the Hebrew Roots Movement":

> *When I observe Christians mindlessly imitating the behavior of apostate Jewish rabbis who have rejected Yahshua as their Messiah, I marvel, wondering what errors of the rabbis they will not imitate. To follow the behavior and traditions of men without testing them against the Spirit and the Word of God is not wisdom. It is little wonder that these same individuals embrace other errors associated with apostate Judaism such as celebrating Hanukkah, wearing the kippah or tallit, adorning themselves, their homes, or churches with the Luciferian symbol falsely called the Star of David, or mimicking the Sabbath candle-burning rituals which are a form of witchcraft.*
>
> *If you are one who has been guilty of doing such things and are now having your eyes opened to see the error present in these actions, my intent is not to shame you. Rather, I would have you consider how you arrived at these actions. Did you abandon the discipline all disciples of Christ should manifest by failing to test carefully the doctrines, symbols, rites, and holidays that other men and women were introducing you to?*
>
> *Christ said, "My sheep hear My voice." If we will attend to the voice of the Spirit of Christ within us, and yield ourselves to go where He leads and accept the life He chooses for us, Yahshua assures us that at the end of the journey we will be mature sons who manifest His life and character. There is no substitute for a Spirit directed life. Not even a life devoted to the Law and to an embrace of Hebrew roots can serve as a substitute for a Spirit directed life. Indeed, when one embraces the Law as their guide, the Law becomes an impediment, hindering the believer from looking to the Spirit of Christ as their guide*

'n Meer volledige bespreking van die gevare van die misleiding van Rabbynse Judaïsme en waarin ondermeer die Talmud, die Zohar en Kabbalah bespreek word, kan afgelaai word by die volgende skakel: RabbynseJudaïsmeReeks**.** Die naam van hierdie studie is: "Rabbynse Judaïsme: Het jy geweet?" Ek wil elkeen aanmoedig om hierdie studie te gebruik as 'n vertrekpunt van verdere selfstudie oor die misleiding wat ook deel van Rabbynse Judaïsme is.

En onthou:

Beware of false knowledge; it is more dangerous than ignorance – George Bernard Shaw

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.